BARRIE TRINDER
*The making of the industrial landscape*
Londen: Alan Sutton
1987
276 pp.
R29,95 (eksklusief)

Trinder word beskou as 'n kenner op die gebied van Britse industriële argeologie; vandaar die klem wat hy plaas op die onverskuifbare kultuurreste soos geboue, strukture en infrastruktuurelemente wat na die industriële omwenteling in en op die Britse landskap gelaat is. Een van die aspekte wat hy deurentyd beklemtoon, is dat die sogenaamde Industriële Rewolusie eerder 'n omwenteling as 'n rewolusie was. Dit was - in vandag se terme - 'n stadige proses van ontdekking, eksperimentering en uitlewing wat nie verwar moet word met 'n rewolusie soos in die populêre politieke idioom nie.

Trinder trek die lyn van verandering deur van die dae toe die tuisnywerhede op plase en in die landelike boeredorpies aan die orde van die dag was tot waar dit in groot stede soos Sheffield, Birmingham, Leeds, Liverpool en Londen enorme afmetings ten opsigte van behuisingsnood, besoedeling, swak sosiale en gesondheidstoestande tot gevolg gehad het.

Synde 'n argeoloog, word 'n term soos "industrial landscape" in elke hoofstuk vollediger gedefinieer en gedebatteer. Hy plaas klem op die feit dat die omwenteling deur bykans twee eeue moes filtreer om vandag as 'n rewolusie in die geskiedenis van energieverbruik beskou te word; 'n lang tydperk waarin landelike omgewings "besig" geraak het, bebou, bevuil en terselfdertyd dalk gekultiveerd geraak het.

'n Mens vergelyk onvermydelik dit wat in Brittanje gebeur het met die Suid-Afrikaanse situasie. Waar ons die landsekonomie op mineraalontginning en direkte uitvoer gebou het, het hulle mynbou en mineraalontginning slegs benut as 'n eerste fase in 'n groter industriële proses. Landbouprodukte en

tegnologie is met mekaar gekoppel om 'n uitgebreide tekstielindustrie te vorm. Yster, steenkool en waterreserwes is met die tegnologie saamgesmelt om 'n reuse bedryf van vervaardigde produkte die wêreld in te stuur.

Nog 'n opvallende aspek wat in elke hoofstuk voorkom is die toenemende eksploitasie van arbeiders - individueel sowel as in gesinsverband. Die probleme wat hieruit voorgevloei het, is lank reeds geskiedenis, terwyl Suid-Afrika steeds poog om dieselfde geskiedenis te herskryf.

Behalwe vir historici wat belang sou stel in industriële geskiedenis of die sosiale geskiedenis, sou hierdie boek ook die historiese argeoloog, kulturele geograaf, landskaps-historikus en die museumkundige prikkel. Die skrywer gee nie net 'n chronologiese relaas van fabrieke, myne, industrieë, dorpe en stede se ontstaan en groei nie, maar probeer om die mense se waarde-oordele, die verandering van die landskap en die invloed van die een op die ander uit te lig. Die klem val nogtans baie sterk op die visuele komponente van die industriële omwenteling: die nuwe vore, kanale, treinspore, omheinings, hekke, elektrisiteitsvoorsiening, telefoonverbindings, geboue, strukture en ander aktiwiteitsareas wat die landskap penetreer en op sommige plekke gedomineer het.

Die boek is sekerlik relevant vir die huidige Suid-Afrikaanse situasie. Dit kan letterlik saam met die onlangse publikasie van Richard Mendelsohn getiteld *Sammy Marks: "The Uncrowned King of the Transvaal* (Kaapstad, 1991) gelees word. Die beheptheid van Marks met die ontwikkeling van industrieë in plaas van mynbou en mineraalontginning het ook parallelle in Trinder se boek. Uit Marks se briewe en sy biblioteek op die plaas Zwartkoppies buite Pretoria is dit duidelik dat Marks die industriële groeipatrone in Brittanje op 'n kleiner skaal hier te lande wou herhaal. Marks se entoesiasme vir spoorlyne wat die belangrikste myngebiede en destydse stedelike sentra met mekaar verbind, is 'n poging tot duplisering van die Britse industrie se behoeftes. Sy onuitputlike energie en verbeeldingryke projekte op groot en klein skaal in die Transvaal word in Trinder se weergawe van wat in Brittanje gebeur het, teruggevind.

Die wêreldwye beheptheid met die omgewing, die landskap, en die mynbedryf en indrustrieë se invloed daarop het nou ook sy tande in die Suid-Afrikaanse gemeenskap ingelê wat maak dat hierdie boek 'n rigtinggewende faktor vir historici wat by omgewingsimpakstudies betrokke mag raak, kan wees. Landskapsgeskiedenis - en daarmee word nie die natuurlike landskap nie, maar die mensgemaakte, industriële landskap bedoel - is nog nie juis as 'n histories ondersoekbare fenomeen in Suid-Afrika aangepak nie. Almal betoog vir bewaring, hersirkulering, skoon lug en water en die kartering van sogenaamde kulturele hulpbronne, maar met die wakkerskrik in 'n nuwe Suid-Afrika het ons agtergekom dat hierdie studie-onderwerp reeds vir dekades aan die gang is en ons as gevolg van isolasie ongelukkig nie met die ontwikkeling in landskapsgeskiedenis tred gehou het nie. Vir diegene wat skielik insae wil kry in hoe om na ons eie industriële landskap te kyk, is hierdie boek 'n uitstekende inleiding. Dit sê nie hoe ons ons probleme moet oplos nie, dit is nie voorskriftelik nie, lê nie riglyne vir bewaring neer nie, nog minder handel dit oor die Suid-Afrikaanse landskap en toestande, maar dit gee 'n idee van landskapselemente waaraan aandag gegee moet word tydens die waardering en evaluering van bewarenswaardige geboue en strukture in die landskap.

Met die huidige sluiting van goudmyne, fabrieke en groot industrieë word miljoene rande se investering wat oor tientalle jare plaasgevind het skielik onbenut gelaat. Dit is dieselfde proses waardeur die Britse nywerheid gegaan het. Wat moet van die geboue, strukture en infra-struktuurreste word? Dieselfde dilemma staar veral die Transvaalse landskap in die gesig. Vir jare was kultuurbewaring op die studie van landelike leefwyses met seepkook, kersemaak, mampoerstook en allerlei huishoudelikhede van die 19de eeu toegespits, maar met die skielike sluiting van myne en industrieë teen die einde van die 20ste eeu sit dieselfde kultuurbewaarders met die vraag wat moet met al die onverskuifbare kultuurreste van Suid-Afrika se eie Industriële Omwenteling gedoen word. Wat moet bewaar word en wat nie? Wat moet met die geboue en strukture gebeur? Daar is wel in die afgelope dekade dik boeke oor die groei van die dorpe en stede met al die sosiale, arbeids- en ekonomiese vraagstukke geskryf, maar hoe kan die reste van die afgelope 150 jaar in 'n nuwe verstedelikte gemeenskap geïntegreer en nuwe lewe gegee word?

Reg deur Trinder se boek noem hy dat die industrieë en die konstruksies wat as gevolg van die industriële omwenteling opgerig is amper as kuriositeite en nuwe toeristebesoekpunte in die landskap beskou was. Daar is selfs aangetrek vir naweekbesoeke aan fabrieke, meulens, brûe, ensomeer. Daar is gestap en piekniek gehou langs die nuwe kanale, opdammings en uitkeerwalle. Om met 'n "moderne" trapfiets, met 'n trein of stoomboot te ry was 'n sosiale gebeurtenis en uithang geleentheid. In die Suid-Afrikaase samelewing het die industrieë eerder spronggewys, onpersoonlik en onvriendelik ontstaan en gegroei - die teenoorgestelde van enigiets wat mag neig na mens- en omgewingsvriendelikheid.

Die boek is in 'n baie handige A5-formaat en elkeen van die agt hoofstukke bevat genoeg feitemateriaal om diegene met 'n voorliefde vir syfers tevrede te hou, maar ook genoeg verhaaltrant om die inligting verteerbaar te maak. Hoewel die onderwerp in 'n prenteverhaal kan ontaard, is dit nie

hier die geval nie; tewens, dit is juis jammer dat daar nie meer van lugfoto's, historiese en resente kaarte en planne gebruik gemaak is nie. In die laaste hoofstukke kry 'n mens ook die idee dat die mega-skaal van industrialisasie, verstedeliking, behuising en dorpstigting sy raakpunte met die volkskunde verloor en nader aan die hart van ingenieurs, stadsbeplanners en politici sal lê.

MAURITZ NAUDÉ
*Nasionale Kultuurhistoriese Museum*
*Pretoria*